

# KOMMUNIKAMMA 13 JUNIE 2021



## Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

## TEKS van die WEEK

### **1 SAMUEL 12:16.**

*“Maar wag, die saak is nog nie afgehandel nie! Kyk self watter groot wonder die Here voor julle oë gaan doen.”*

## SAKE vir GEBED:

- Vandag is **Biddag vir Jeug en Kategese**. Kom ons bid spesiaal vir al ons jongmense en hulle gesinne. Dra ook ons skoolhoofde, onderwysers en almal wat met ons jeug werk aan die Here op. Hulle is baie versigtig, maar die risiko's bly hoog en die verantwoordelikheid groot.
- Buig laag voor die Here en smee Hom om vir ons reën te gee. Ons damme se watervlakke is gevaarlik laag en Hy is die enigste Een wat vir ons uitkoms kan gee.
- Dank God vir gebedsverhoring. Ons dink in besonder aan die seuntjie Josh wat nou tuis aansterk, maar daar is so baie ander gebede wat ook verhoor is. God is so goed.
- Bid vir ds Du Toit Wessels en sy vrou Odette. Hy het die beroep aanvaar en begin op 1 Augustus in Kraggakamma Gemeente.
- Ons land se president en ander leiers het baie gebed en leiding nodig. Bid dat hulle regverdigheid, eerlikheid, wysheid, insig en integriteit aan die dag sal lê in al hulle besluite. Ons glo dat hulle na die wil van God sal vra.
- Die brood en werknood is baie ernstig by Kleinskool. Dankie vir almal wat hulp aanbied. Elke bietjie help.
- Die derde vlaag Covid-19 het met geweld toegeslaan. Ons gemeente loop ook deur en ons bid ernstig vir volkome genesing vir 'n aantal gemeentelede. Ons weet van ten minste van 12 gemeentelede. Dink ook aan Dr. Deon & Liesel Els in Somerset Wes. Hy sterk tuis aan.
- Ons dank God vir so baie Covid-19 pasiente wat herstel het. Halleluja!!!
- Bid ook vir so baie mense wat hartseer, alleen en siek is in aftree-orde, hospitale en tuis.
- Hugo Gerber se broer is oorlede.
- Doré Grobler kry chemo.
- Gerrit en Janine Coetzee het, sover moontlik, alles in plek om hulle roeping van God te gehoorsaam. Ons glo dat hulle elke dag volkome bewus sal wees van die Here se beskerming, seën en fisiese nabyheid. Ons glo dat hierdie uitreik groot vrug sal dra en dat die Heilige Gees hulle sal toerus met wysheid, liefde en die vrede wat alle verstand te bowe gaan om in Sy diens te staan.
- Bid die Here se seën op ons **ANNIEBRAND VUURFEES** eerskomende Woensdag. Ons sien sommer baie uit daarna!!!!

## **There4-bedieninge se gebedsverzoek vir die week:**

Bid saam dat gelowiges in **Mauritanië** geleentheid sal kry om die evangelie in 'n veilige omgewing met ander te kan deel.

## EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Daar mag nou **100 persone** per erediens in die kerkgebou wees.

**Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.**

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

**Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.**

**Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dit vergemaklik die inteken proses in die oggend.**

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Op die kerkraadsvergadering van 20 Mei is daar besluit om vir eers slegs een erediens op 'n Sondag te hou. Die erediens sal Sondag om 09:00 plaasvind en kategeese sal direk na die erediens vir die verskillende jeuggroepe soos tans plaasvind. Die Eietydse- en Klassieke aanbiddingstyle sal afgewissel word en met spesiale geleenthede, gekombineer word. Neem egter kennis dat hierdie slegs 'n tydelike reëling is en die Kerkraad sal DV op 28 Augustus die besluit her-evalueer.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 13 Junie**

**09:00 EREDIENS**

<https://youtu.be/NE20HZxqmp4> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

**Tema van Erediens:** Glo soos 'n kind.

**10:00 KATEGESE**

Kategeese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategeese vind by ouerhuise plaas.

**Maandag 14 Junie**

**12:45 GEMEENTEBIDUUR**

Ons hou Maandag 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

**Dinsdag 15 Junie**

**Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R210 000 gebruik om kos aan te koop.**

**Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

**Woensdag 16 Junie**

**9:00 – 12:00 Die Anniebrand Vuurfees, met Vleiss ja, waar ons fees “vuur”, soos net Kraggakamma kan.**

Kom ondersteun hierdie fees wat gehou word as deel van ons fondsinsamelingspogings.

Op die spyskaart is Spitkoeke (Hoender R40.00, Lam R60.00, Vark R50.00); Chicken Deluxe (R50.00); Sosatierolle (R30.00); Kerrie en Rys (R35.00); Vars Vleis; Biltong; Droëwors; Vars Groente en Vrugte; Pannekoek (R6.00) en Koffie.

Skakel gerus in op Luister FM, waar Jacques Kilian vanaf die kerkperseel sal uitsaai.

Bestellings kan aanlyn (<https://thanditechsolutions.co.za/ocart2/>)

of via Whatsapp (082 561 8747) gedoen word.

Die GROOT Kermis skuif D.V. na 27 of 29 Oktober.

**Vrydag 18 Junie**

**05:00 MANNEGROEP**

Die mannegroepbyeenkoms kom bymekaar by Frans Stapelberg. (Carnationlaan 15) Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

**KRAGGAKAMMA GEMEENTE**  
**BIED AAN**  
**DIE ANNIEBRAND VUURFEES,**  
**MET VLEISSSS JA!**  
**WOENSDAG 16 JUNIE**  
**09:00 TOT 12:00**  
**GAZANIALAAN 2,**  
**SUNRIDGE PARK**

**KOSBESTELLINGS KAN TOT**  
**13 JUNIE, AANLYN GEDOEN**  
**WORD**  
**(HTTPS://THANDITECHSOLUTI**  
**ONS.CO.ZA/OCART2/)**  
**OF KOM LOER GERUS IN,**  
**OM TE SIEN WAT ONS BIED.**

**LUISTER FM**  
LUISTERFM.CO.ZA • 9 0 . 6

**Kraggakamma Gemeente**  
Dienst vir die Gemeente en die Kerk

## Sondag 20 Junie

### **VADERSDAG**

**09:00 EREDIENS**

### **10:00 KATEGESE**

Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 1 - 6 kategese vind by ouerhuise plaas.

## Maandag 21 Junie – Saterdag 26 Junie

Die NMB Familiemark word in ons kerksaal gehou. Kom besigtig die mark in die week van 9:00 tot 17:00 en Saterdag van 09:00 tot 15:00. 'n Teetuin met heerlike koffie en eetgoed sal ook daaglik oop wees.

### Die pad vorentoe.

Ons is baie opegewonde oor die nuwe seisoen in Kraggakamma Gemeente. Ds Toit Wessels het die beroep aanvaar en sal dv 1 Augustus in diens tree. Dra hulle in gebed vir al die reëlings wat afgehandel moet word voor dan.

### BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie word reeds gedoen.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die Bou- en verbeteringsfonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

### VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

13 Junie	Johannes Brophy, Chris Lessing, Martie Smith, Clarise van Rooyen en Koot Verster
14 Junie	
15 Junie	Michal Bosch
16 Junie	Jaco Botes, Violet Dixon, Nico Nell en Pieter Venter
17 Junie	Thea de Swardt, Pieter Gerber, Carlien Jooste en JC van der Westhuizen
18 Junie	Mari Grobler, Alma Louw en Gerda Minnie
19 Junie	Steve Britz, Eugene Janse v Rensburg, Mithcell Reed, Stella Scheepers en Henning van der Merwe



### DANKOFFER

Die derde maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein surplus, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van SnpScan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005



### KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by vyftig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. 300 boekies is reeds aangekoop met donasies wat ontvang is. Vir elkeen van die 50 kleuterskole om tien boeke te kan kry, benodig hul nog 200 boekies om mee te begin. Indien u engelse kleuterboekies het, kan u dit ook skenk vir hierdie projek.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As jy 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.